



Wittenberg Schule

Posbus 501; Plet Retief; 2380
Tel. 071 604 2804
Faks: 086 517 5294
Selnr. 071 604 3344
E-Pos: wittenbergadm@gmail.com



4 September 2020

Geagte ouer

Kortliks die volgende:

Huiswerk: Die beleid is tans dat ons geen huiswerk gee nie, behalwe lees en spelling. Ongelukkig is daar enkele leerlinge wat nie die tyd in die klas gebruik om te werk nie. Hulle bly al verder agter en maak dat personeel nie kan aangaan met die sillabus nie. Dus moet ouers verstaan dat die kinders dié werk as huiswerk by die huis sal moet klaar maak.

Dit is ook teleurstellend dat daar verskeie leerlinge is wat glad nie moeite doen om te lees en spelwoorde te leer nie. Ons vra dat ouers asseblief sorg dat kinders elke dag lees en spelwoorde oefen.

Busroete: Die personeel en verskeie ouers is bekommerd oor die veiligheid van ons leerlinge by sommige van die busstoppe in Piet Retief. Gevolglik is dit nodig om weer deeglik na te dink oor die roete en veral oor die veiligheid van die kind by elke stop. Sodra al die beplanning in plek is en die Bestuursliggaam daaroor vergader het, sal ons almal kontak.

Berading: 2020 was en is nog 'n baie moeilike jaar vir ons almal. Baie families het in hierdie moeilike tyd verskillende soorte trauma ervaar. Soms word dit vir ons as onderwysers duidelik, deur die emosionele gedrag en werk van sommige leerlinge, dat die onsekerhede en trauma te veel word vir hierdie leerlinge.

Pastor Mark Meier, 'n gekwalifiseerde en geregistreerde Trauma berader by TIRASA as 'n "TIR en LSR Practisionar", het aangebied om die kinders met berading te help. Die beheerliggaam het dit goed gedink om hierdie hulp vir ons kinders te aanvaar.

As die onderwyser 'n leerder identifiseer waar hulle dink dat berading kan help, sal 'n toestemmingsvorm met die kind huis toe gestuur word. U as ouer moet die vorm voltooi en weer aan die skool stuur. As u toestemming gegee het, sal die berading gedurende skooltyd plaasvind. Daar is geen kostes aan verbonde nie.

Mnr. Grobler: Baie dankie aan Mnr. Hansie Grobler wat bereid was om die afgelope twee weke die skoolbus te ry. Dit word opreg waardeur.

CMR: Baie dankie aan elke ouer wat 'n bydrae vir CMR gelewer het. Wees verseker dat dit opreg waardeur word.

2021: Toelatingsvorms vir 2021 kan reeds by die skool ingehandig word. Indien u van persone weet wat graag hul kinders by ons wil inskryf, laat hulle asb. weet dat die toelatingsvorms by die skool asook op die webwerf beskikbaar is.

Epos adres: Ons epos-adres het verander. Die nuwe adres is: wittenbergadm@gmail.com.

Vriendelike groete

KB LILJE

(Hoof)